


# Vuk'uzenzele

**JOBS  
INSIDE:**

Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Augustus 2018 Uitgawe 2



**Celebrating the  
strength of a woman**



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

ALSO AVAILABLE ON:

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353



# Yoliswa se kralewerk lei na sukses

'n **VOORLIEFDE** vir kreatiwiteit het daartoe gelei dat Fuma 'n florerende besigheid geskep het.

Dale Hes

**Y**olisa Fuma het 'n merkwaardige pad gestap, van armoede in die Oos-Kaap, tot die ontdekking van 'n passie vir kuns en handwerk, wat daartoe gelei het dat sy werksessies aanbied om haar vaardighede met werklose vroue te deel.

Fuma is in 'n township buite Queenstown in die Oos-Kaap gebore en het 'n klein huisie met 15 gesinslede gedeel.

"My gesin kon nie bekostig om my skool toe te stuur nie. Ek moes sonder formele onderrig my eie weg vind om 'n inkomste te verdien," sê Fuma.

Sy het baie ure spandeer om te leer hekel en na Kaapstad verhuis om by haar suster te bly. Fuma het haarself toe geleer hoe om kralewerk te doen en na groener weivelde in Mbekweni, Paarl verhuis.

"Baie mense het begin navraag doen oor kralewerk. Ek het toe na 'n paar kraleprodukte gekyk en hulle stap-vir-stap uitmekaar gehaal om te sien hoe hulle gemaak is. Ek het myself geleer hoe om my eie produkte te maak en hulle by die Ikwezi-sentrum in Paarl begin verkoop," sê sy.

Fuma was een van die 20 ontluikende handwerkprodusente wat deur die Plaaslike Toerismevereniging van Drakenstein (DLTA) gekies is om 'n opleidingsprogram wat oor vier dae strek, by die Instituut vir Handwerk en Ontwerp (CDI), by te woon. Die program het deelnemers geleer om voorbeelde van marktoepaslike produkte te maak wat hulle sal help om hulle eie besighede te ontwikkel.

"Die werksessies het ons geleer hoe om ons eie besighheidsplanne te ontwikkel. Ek is baie dankbaar vir die

geleentheid, aangesien ek nou weet hoe om my eie besigheid te ontwikkel," verduidelik Fuma.

Haar gehekelde en kraalprodukte word nou deur klante tot so ver as Duitsland en Swede, gekoop.

"Dit was soms moeilik, maar danksy die CDI en die munisipaliteit se ondersteuning kon ek begin geld maak en my vier kinders onderhou. Baie van my drome word verwesenlik," sê Fuma.

Sy het besluit dat sy haar kennis en vaardighede aan werklose vroue in die gebied wou oordra, sodat hulle ook kon begin om 'n inkomste te genereer om hulle gesinne te onderhou.

"Ek doen tans opleiding en hou werksessies by my huis vir drie ander vroue wat nie werk het nie. Ek hoop dat ek hulle binnekort as werknemers kan aanstel," sê Fuma.

■



■ Yolisa Fuma se kralewerk word in lande soos Duitsland en Swede verkoop.

## Aviation now flying high in a Gauteng school

More Matshediso

**L**earners who have aspirations to join the aviation industry will soon be able to start acquiring suitable skills from as early as Grade 10 in Gauteng.

This is made possible by the Gauteng Department of Education as it has launched the Rhodesfield Engineering School of Specialisation with a focus on aviation.

The department's MEC Panyaza Lesufi said he was pleased to unveil another ground-breaking school of specialisation, which is situated close to the OR Tambo International Airport in Kempton Park.

"The school is one of 29 schools of specialisation, which have been redesigned



■ Rhodesfield aviation school is one of 29 schools of specialisation, which have been redesigned to address skills shortage to meet economic demands of the province.

to address skills shortages to meet the economic demands of Gauteng Cities," said the MEC.

The school, which was previously known Rhodesfield Technical High School, offers compulsory subjects that include pure mathemat-

ics, pure physical science, Engineering, Graphics and Design. It will soon include aviation to its list.

Some of the subjects that the learners at the school enjoy include Mechanical Engineering and Electrical Engineering (power sys-

tems).

The Acting Principal of the school, Ansie Ras, said she was excited about the launch as the school will make a huge contribution to South Africa's aviation industry.

"We will be able to supply

the aviation industry with learners who are skilled in aviation and who are in a better position to choose careers in aviation," she said.

"We have partnered with a couple of airlines so that we will be able to take our learners to their technical sites for them to get the experience of the technical aspects of aviation," she explained.

At the moment the school teaches about 938 learners from Grade 8 to 12, but it has the capacity to teach about 1 300 learners per year.

Ras said admissions into the school for the Grade 8 class is controlled by the Provincial Department of Education through the online application process. Applicants have to be good in mathematics and natural science. ■

# Ngaleka se wonderbestanddeel vir voorspoedige besigheid

Hlengiwe Ngobese

**T**oe Ntombifikile Ngaleka begin het om groente in haar erf te plant, het sy nie geweet dat sy eendag 'n boerdery sou besit wat produkte aan plaaslike winkels en skoolvoedingsprogramme sou verskaf nie.

Ngaleka (67) is van KwaXolo in Port Shepstone, KwaZulu-Natal.

Sy boer met spinasie, kool, wortels, tamaties, uie, suikerbone en piesangs. Haar besigheid het in 2016, by die KwaZulu-Natal Departement van Landbou se Vroulike Entrepreneurstoekennings, die toekenning vir beste selfstandige produseerder, gewen.

Ngaleka sê dat sy groente begin plant het om haar gesin te help om vars kos te kry, maar dat haar passie vir boerdery haar aangevuur het om 'n besigheid te begin. Sy het ook twee plaaslike vroue aangestel om haar op die plaas te help.

"Ek boer tans op twee hektaar grond, maar dit is nie genoeg



■ Ntombifikile Ngaleka verskaf haar vars groente aan plaaslike inwoners.

nie. Mense wil my groente hê omdat ek nie chemiese bemesting gebruik nie. Ek gebruik veekraalkompos," sê sy.

Ngaleka, 'n voormalige onderwyseres, sê dat sy 'n passie

vir boerdery ontwikkel het terwyl sy 'n onderwyser by Gcilima Laerskool was.

"Ek het altyd wanneer ek van die skool af gekom het, na die landerye toe gegaan. Ek was

behep met gesond eet. Toe ek aftree-ouderdom bereik het, wou ek in my vrye tyd net boer.

"Ek het begin met spinasie, kool en beet en dit aan die

plaaslike kliniek verkoop. Ek het elke dag al my voorraad verkoop. Dit het my gemotiveer om selfs meer aan te plant," sê sy.

Ngaleka verduidelik dat groenteboerdery sy uitdagings het.

"Groente is nie populêr onder baie boere nie, want die weer moet perfek wees. Dit moenie te koud of te warm wees nie," sê sy.

Ngaleka het met die winste wat sy deur haar boerdery gemaak het, drie bykomende hektaar grond gekoop, waar sy teebome aanplant.

"Ek het ook 'n mark gevind waar ek hierdie spesiale bome sal verskaf. Essensiële olies waarmee velprobleme soos veluitslag behandel word, word van teeboom-olie gemaak."

Ngaleka moedig vroue aan om boerdery te begin, veral aangesien dit baie voordele inhou.

"Jy kan dit in jou eie erf doen en dan verder uitbrei. "Die wêreld is vol geleenthede vir vroue." ■

## Fresh mind producing farming success

**SAMBO WAS** was motivated to be part of the family business when she realised that youth unemployment was a serious challenge in the country.

More Matshediso

**A**t just 25, Sinethemba Sambo has managed to turn her parent's farm into a booming business.

The business, which is called Siyavuya Co-operative Limited, has livestock, crop production and aquaculture and operates on 20 hectares of land in Steenbok in Mpumalanga.

"My parents have decades of experience in farming, but they needed a young mind to take their family business to greater heights," said Sambo.

In 2012, she was appointed the Managing Director of Siyavuya Co-operative Limited

after completing her matric.

"My parents started the farm casually in 1989 and it has been the source of income for their household for as long as I can remember. When I joined the family business I wanted to make sure that it was more profitable."

She said she was motivated to be part of the family business when she realised that youth unemployment was a serious challenge in the country.

Sambo is also studying towards a Diploma in Business Administration and believes her new skills will help the business to improve over the years.

The business has assets that include 102 head of cattle, 354

sheep and goats, 34 pigs, 13 poultry houses, 54 beehives, 563 mango trees and five dams for fishing.

### Venturing into aquaculture

After venturing into aquaculture in 2012, Siyavuya Co-operative Limited recently won the Fisheries Recognition Award in the small scale category during the Youth in Agriculture, Forestry and Fisheries (YAFF) Awards.

Sambo said winning the award only motivated the company to do better and to increase their footprint in the fisheries market.

"The four of our five dams are very large and have the capacity to accommodate



■ Sinethemba Sambo has brought a new approach to farming.

about two million fishes each. We produce three types of fish, including catfish, tilapias and kappas."

"We have recently signed a deal with one of the local butchers that sells meat to many communities in Mpu-

malanga, and we also sell our fish to the locals. Our business is doing well," she said.

Sambo said the cooperative has so far created employment for 15 permanent workers who rotate in all enterprises on the farm. ■